

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteurs al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doeleë met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projek aansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

9.1

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Port Elizabeth

Titel van Projek: Gemeenteontwikkeling: PE De Duin

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	Francois Potgieter
Posadres:	La Roche Rylaan 21 Humewood Port Elizabeth
E-pos:	fepotgieter@hotmail.co.za
Faks:	041 5855973
Tel. (k):	
Tel (h):	041 5855973
Selfoon:	083 961 3006

Handtekening Projekvoorsteller

03/10/2022

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) _____ Pieter Nel _____, in my hoedanigheid as ~~voorsitter~~ / skriba van die Ring van _____ PE _____, dat hierdie projek op 22 Augustus 2022 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

Handtekening Voorsitter / Skriba

03/10/2022

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Oorsig

Met die aftrede van ons vorige leraar, ds van Rooyen, het die gemeente van PE De Duin homself in 'n netelige situasie bevind. De Duin is 'n verouderende gemeente met getalle wat baie afgeneem het, met min gemeentede onder 40 jaar oud. Die aantal huisgesinne met kinders het afgeneem tot 'n handjievul en kategese het basies tot 'n einde gekom as gevolg van die lae aantal kinders en jeug. Die finansiële oorlewing van die gemeente moes ook sterk bevraagteken word aan die hand van verminderende getalle en die gebrek aan jonger en werkende lidmate in die gemeente. Die kerkraad het tot die besef gekom dat De Duin gevaar staan om as gemeente op te hou bestaan indien ons nie drasties anders begin dink oor kerkwees nie. Ons het gevolglik besluit dat ons 'n leraar moes aanstel wat ons kan begelei om op vernuwende manier te ontwikkel na 'n gemeente met 'n meer missionale visie. Ons het met die genade van die Hoër Hand vir ds Carel van der Merwe in Maart 2019 kon aanstel in 'n drie jaar vaste termyn kontrakpos vir hierdie doel. Ds van der Merwe is baie ervare en gespesialiseerd in die heropbou van gemeentes. Op daardie stadium het hy pas afgetree as leraar by die Rooikerk in Bloemfontein, wat beteken dat hy nie as 'n langtermyn oplossing vir De Duin kon dien nie.

Carel se koms het gou begin om vrugte af te werp. Hoewel op klein skaal, het die kategese weer begin en is 'n jeuggroep gestig. Gemeentegetalle het stadig maar seker begin toeneem en die gemeente het ingekoop in 'n missionale roeping.

Carel was egter maar vir 'n jaar by De Duin toe Covid-19 die hele wêreld deurmekaar begin krap het. Al die inisiatiewe wat geloods sou word vir die jaar moes gekanselleer word en planne bedink word om te verseker dat die gemeente steeds bedien word. Desnieteenstaande het die steun vanuit die gemeente vir die pad waarop ons is, duidelik geblyk deur die volgehoue finansiële ondersteuning vanuit die gemeente en kon ons finansiële 'n positiewe balans handhaaf. Ons was ook baie dankbaar dat Carel se kontrak van 'n drie- na 'n vyfjaar kontrak verleng kon word. Tydens die tydperke waar die kerke oopgestel is vir aanbidding het die bywoningsyfer tot byna normale vlakke teruggekeer, ten spyte van geïnfecteerde gemeentede en vrese rondom die aansteeklikheid van die Covid virus.

Teen einde 2020 het 'n geleentheid hom voorgedaan waar 'n finalejaar teologiese student, Danie de Jongh, aansoek gedoen het om sy gemeentear by De Duin onder mentorskap van ds van der Merwe te kom doen in 2021. Die gemeente was baie opgewonde om hom te ontvang en was dankbaar vir die finansiële bystand wat die Sinode gelewer het om dit moontlik te maak en hy het aan die begin van 2021 by De Duin ingesakel.

Hy het gou in die gemeente se harte ingekruip en is dadelik aanvaar as een van ons. Danie se passie is jong mense en kinders en sy teenwoordigheid het gou 'n impak op hierdie groeperinge begin maak. Onder sy leiding het die Liefdesgroep vir jong getroudes (en amper getroudes) ontstaan. Om homself ook meer bekend aan die area se kinders te maak, het hy byvoorbeeld by die plaaslike ACV sy dienste aangebied en met die kinders gaan speel in sy vrye tyd.

Ons het geleer met die aftrede van ds van Rooyen dat die verkryging en aanstelling van 'n nuwe predikant 'n tydsame proses is. Ons as kerkraad is dus van mening dat ons, met ongeveer 30 maande van Carel se kontrak oor, indringend na die opvolging van Carel gekyk moet begin word. Na deeglike oorweging het ons tot die insig gekom dat Danie nie net 'n baie geskikte opvolger vir Carel kan wees nie, maar dat dit wesenlik gewens is vir die volgende redes:

- Hy is reeds vertrouwd met die gemeente en die gemeente met hom.
- Hy is goed bekend en vereenselwig hom met De Duin se missionale fokus en doelwitte.
- Hy staan onder die mentorskap van ds van der Merwe, wat 'n spesialis in die opbou van gemeentes is.

- Danie se passie om met die jeug en kinders te werk pas perfek in by ons siening oor waarheen die gemeente moet beweeg om relevant in die omgewing te bly.
- Die oorgang van Carel na 'n nuwe leraar sal soomloos kan geskied – 'n nuwe leraar dra min kennis van die kultuur en momentum van 'n nuwe gemeente, wat sal veroorsaak dat baie van dit wat verrig is, tot niet sal gaan.
- Vanweë ons finansiële situasie sal De Duin noodgedwonge of weer 'n afgetrede leraar of 'n baie junior leraar moet aanstel.
- Nie een van hierdie twee opsies is ideaal indien een van bogenoemde tipes leraars nuut in die gemeente inkom sonder die nodige agtergrond nie.
- Danie voel sterk geroepe om in Port Elizabeth die Here te dien.

Ons versoek

Op hierdie tydstip glo ons dat De Duin 'n keuse moet maak tussen drie opsies – ons moet die gemeente sluit en by 'n ander gemeente inskakel, ons kan nog 'n leraar op 'n kontrak vir 'n termyn aanstel en so aanhou tot die gemeente finaal sterf, of ons kan 'n leraar aanstel wat ons glo ons sal kan begelei om 'n groeiende en lewensvatbare gemeente te word. Vir ons is die eerste twee opsies nie aanvaarbaar nie.

Ons glo dat God dit so bewillig het dat Carel ons gemeente lei om sodoende ons fokus van 'n herdergerigte gemeente na 'n missionale gemeente te help verskuif. Dit is ook geen toeval dat Danie hom by De Duin kom aanmeld het nie. Ons is bewus van die moontlikheid dat die Sinode gemeentes deur finansiële ondersteuning help om weer lewensvatbaar te raak.

Ons wil die Sinode versoek om ons oor 'n drie jaar tydperk by te staan om dit moontlik te maak om Danie De Jongh aan te stel as leraar by De Duin om hom in staat te stel om na ds van der Merwe se kontrak tot 'n einde kom, De Duin verder te neem om die gemeente se missionale doelwitte te help uitbou en ontwikkel.

Ons wil Danie graag aan die begin van 2022 aanstel op 'n drie jaar vastetermyn kontrak sodat hy onder die voortgesette mentorskap van Carel as leraar kan funksioneer. Die teenwoordigheid van Carel sal ook aan Danie die ruimte verskaf dat hy hom spesifiek kan toespits op die jeug en jongmense ter uitbouing van die gemeente. Ons glo dat hierdie aanstelling sal help om die skade wat deur die inperkings tydens die Covid pandemie aangerig is, om te keer.

Finansiële voorsiening

Sedert die aanstelling van ds van der Merwe het die gemeentebydraes en skenkings verseker dat die gemeente 'n positiewe bankbalans kon handhaaf. So kon die gemeente in die 2020/2021 boekjaar byvoorbeeld bykans R150 000 spandeer aan broodnodige herstelwerk aan die kerkgebou. Ons inkomste is egter nog te beperk om 'n leraar op 'n vol salarisskaal aan te stel en ons is bewus dat ons finansiële grootliks afhanklik is van gemeentelike wat reeds pensioenarise is.

Ons versoek van die Sinode om De Duin finansiële ondersteun vir gemeentewikkeling vir die aanstelling van Danie De Jongh as leraar ten bedrae van R6 000 per maand vir 'n termyn van drie jaar. De Duin onderneem om hom verder te ondersteun ten bedrae van R8 000 per maand, wat aan Danie dan 'n maandelikse inkomste van R14 000 sal gee. Hy het aangedui dat hy so 'n aanbod sou aanvaar.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Ons glo dat daar heelwat geleenthede bestaan om meer mense vanuit die gemeente se voedingsarea te betrek. Die volgende statistieke gee 'n oorsig oor die bevolkingsamestelling in die omgewing.

De Duin se voedingsarea bestaan hoofsaaklik uit Humewood en Forest Hill woongebiede. Humewood bestaan hoofsaaklik uit middelklas huise en meenthuse, aangevul deur 'n beduidende aantal woonstelbewoners. Forest Hill, aan die ander kant, bestaan hoofsaaklik uit uit minder

gegoede huise en skakelhuse, aangevul deur 'n aantal woonstelblokke. Die weermagbasis, van waar eens 'n groot aantal gemeentede gekom het, se profiel het sodanig verander dat daar nou geen lede van daar kom nie.

Volgens Wazimaps, is die totale bevolking net meer as 17 000, waarvan 25% (ongeveer 4300) Afrikaanssprekend is. Ongeveer 40% van huishoudings het 'n vroulike hoof van die huishouding en die werkloosheidsyfer is ongeveer 49%. Die gemiddelde huishoudelike inkomste is slegs R115 00 per jaar.

Met 7758 huishoudings uit 'n bevolking van 17 000 word dit duidelik dat 'n beduidende persentasie inwoners enkelopend of kinderlose paartjies moet wees. Volgens Wazimap is daar 2645 kinders onder die ouderdom van 18, wat, indien daar gereken word dat 25% Afrikaans is, beteken dat daar ongeveer 660 Afrikaanssprekende kinders onder 18 is die area woonagtig kan wees.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
Finansiële ondersteuning van bykomstige leraar ten opsigte van gemeenteontwikkeling	Januarie 2022 – Desember 2024

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Francois Potgieter	De Duin
Carel van der Merwe	De Duin
Hester Bezuidenhout	De Duin
Louwrens Bezuidenhout	De Duin
Gideon Botha	De Duin
Gert Grundlingh	De Duin

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Geen	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

--

8.4 BEGROTING**8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne**

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
De Duin (eie fondse)	R96 000/a
TOTAAL:	R288 000.00

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb): Salaris ds De Jongh	R14 000 / Maand
TOTAAL:	R504 000

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R504 000.00
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R288 000.00
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R216 000.00

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
In ooreenstemming met die Sinodale Kommissie se riglyne (Hierdie projek is vir drie jaar goed gekeur)	R216 000 oor drie jaar

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf